



AUSTRALIESE MIRT

deur HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Die Australiese mirt (*Leptospermum laevigatum* F. Muell.; familie Myrtaceae) word deur sommige kenners beskou as potensieel een van die gevaarlikste indringerplante in veral die sanderige gebiede van die Wes-Kaap. Die gevaar lê in die feit dat die plant so doeltreffend voortplant ná veldbrande en sulke digte kolonies vorm dat dit alle ander plante in die omgewing lig en water ontnem. Dit vorm 'n bedreiging vir sowel die plante- as die dierelwe van die Kaapprovinsie, aangesien geeneen van ons voëlsoorte, sover vasgestel kan word, daarin nesmaak nie.

Die algemene Engelse naam wat in Suid-Afrika vir hierdie plant gebruik word, is "Australian myrtle". In Australië staan dit egter as "coastal tea-tree" of "sandstay" bekend.

Morfologiese beskrywing

Die Australiese mirt vertoon sekere ooreenkomste met die ornamentele teebos, wat aan dieselfde genus behoort. Dit is 'n groot, kompakte, veelvertakte struik of klein boompie met stewige, spreidende takke. Dit word 2 tot 8 m hoog, en die

struikvorm kan 'n deursnee van 8 m bereik. Die volwasse stamme is gegroef en gedraai en die bas skilfer in dun repies af. Die stywe, leeragtige blare is min of meer eivormig, 1,5 tot 3 cm lank en 6 tot 12 mm in deursnee, met 'n dowwe grys-groen kleur. Hulle word afwisselend gedra, en blaarstele ontbreek. Die blare het drie tot vyf lengteverlopende hoofare, en die jong blaartjies is bedek met sagte, syagtige haartjies wat later afval.

Gedurende die lente en vroeësommer, tussen laat Augustus en November of Desember, produseer die plant 'n groot aantal sittende, wit blomme, ongeveer 2 cm in deursnee. Die blom besit vyf gladde, wit kroonblare, vyf groen kelkblare wat nog aan die jong vruggie sigbaar is en 'n groot aantal meeldrade in 'n enkele ry gerangskik. Die blomme, wat enkel in die oksels van die blare gedra word, gee oorsprong aan half-houtagtige, koppievormige vrugte of kapsules wat bo plat is en met agt tot twaalf kleppe oopspring. Die kapsules is aanvanklik groen, maar word na ongeveer 'n jaar geel van kleur. Hulle word 'n aantal jare lank of totdat die plant doodgaan, aan die plant gestoor, waarna die groot aantal sade



'n Digte besmetting van Australiese mirt
Inlas: Die wit blomme van Australiese mirt

vrygestel word. Twee tipes sade kom in die kapsules voor, nl. klein, vrugbare, gevleuelde sade en onvrugbare, ongevleuelde sade.

Verspreiding

Soos die naam aandui, is die Australiese mirt inheems in Australië, vanaf Queensland, deur Nieu-Suid-Wallis, Victoria en Suid-Australië tot in Tasmanië. In hulle natuurlike omgewing kom die plante gewoonlik op sandgrond in heidegemeenskappe, of saam met heide in ander plantgemeenskappe voor, veral naby die kus. Hulle koloniseer slegs versteurde grond.

Die plantsoort is om en by die middel van die vorige eeu vanuit Australië na Suid-Afrika ingevoer en die eerste optekening daarvan was in 1850 in die White Sands-plantasie naby Kaapstad. Aanvanklik is dit in tuine aangeplant as heinings en windskerms, van waar dit later na die omringende veld versprei het. Die plant het tans 'n gebroke verspreiding in die Kaapprovinsie, tussen Darling in die suid-weste en Port Elizabeth in die ooste, met besmettings onder andere by Bainskloof, Wemmershoek, die Kaapse Skiereiland, Hermanus, Franschoek, Villiersdorp, Worcester, Bredasdorp, Sedgfield, George, Van Stadensrivier en Clarkson.

In Suid-Afrika groei die plantsoort gewoonlik op sandvlaktes of in sanderige leemgrond in streke met Berg- en Laaglandfynbos asook in die suidelike woude, maar kom ook op laterietrotse voor wat bedek is met Tafelbergsandsteen. Dit word aangetref in winterreënvalstreke en streke wat dwarsdeur die jaar reën kry, en hoewel dit goed gedreineerde grond verkies, groei dit selfs op swak gedreineerde plekke.

Daar is eksperimenteel aangetoon dat saailinge swak ontwikkel in grond wat arm is aan voedingstowwe, aangesien die skimmelwortels blykbaar hierdeur verhoed word om te ontwikkel. Die byvoeging van fosfaat herstel egter weer die normale groei.

In sekere gebiede is die Australiese mirt goed gevestig saam met *Hakea*-spesies, en die gevaar bestaan dat hulle sulke gebiede kan oorneem as die *Hakea*-spesies uitgroei word.

Groei en reproduksie

Die Australiese mirt moet gewoonlik minstens 2 tot 3 jaar oud word voordat dit vir die eerste maal blom en sade dra. Die blomtyd is gedurende die lente en die sade wat ontwikkel, bly 'n aantal jare lank of totdat die moederplant doodgaan in die vrugte aan die plant. Dit gebeur gewoonlik wanneer die plant afgebrand of afgesny word. Kort daarna, soms binne ure, bars die vrugte oop en stel duisende saadjies vry. Vermoedelik hou die oopgaan van die kapsules verband met die waterinhoud van die plant. Die saadjies word deur water of wind vervoer, en na

'n brand versprei die struik vinnig na ander versteurde gebiede. Omdat die plante so aggressief is, groei hulle dikwels ná veldbrande in andersins onversteurde plantgemeenskappe.

Die plante het 'n goed ontwikkelde sywortelstelsel met sowel skimmelwortels of mikoriza, as 'n massa fyn worteltjies in die boonste 5 cm van die grond, wat hulle wateropname so doeltreffend maak dat min ander plante in die nabyheid kan oorleef. Verder vertak die struik ook so dig dat hulle feitlik geen lig deurlaat na kleiner plante nie. Daarom is die plante in sulke kolonies gewoonlik almal van dieselfde ouderdom.

Die Australiese mirt plant maklik deur steggies voort, maar loop nie weer uit nadat die struik afgebrand het nie.

Nuttige eienskappe

Die plante vorm uitstekende, lae windskerms en heinings en die takke word soms in traliewerk gebruik. Afgesien daarvan vertoon die Australiese mirt geeneen van die nuttige kenmerke van die res van die bloekomfamilie, soos byvoorbeeld bruikbare hout of olie nie en is ook nie besonder doeltreffend as sandbinder nie.

Wetgewing

Kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983) is Australiese mirt in Natal en Transvaal tot indringerplant verklaar. Ingevolge hierdie wetgewing moet die plant doeltreffend beheer word indien dit in dié mate op 'n plaaseenheid in Transvaal of Natal voorkom dat dit tot nadeel van die produksievermoë van die natuurlike landbouhulpbron is of kan wees.

Beheer

Daar is nog geen chemiese plantdoders geregistreer vir die bestryding van Australiese mirt nie. Meganiese beheer kan egter redelik doeltreffend toegepas word, aangesien die plant slegs deur sade voortplant, en die klein saadjies, weens hulle beperkte voedselvoorraad, nie lank in die grond kan lewe nie. Verder word die eerste sade ook eers op 2- of 3-jarige ouderdom geproduseer.

Vir die beheer van ligte besmettings word die plante op grondhoogte afgesny en opgestapel. Sodoende word die saadbron gekonsentreer en word kompetisie tussen die saailinge, wat van die sade opkom, verhoog. Binne 2 jaar daarna word die saailinge uitgetrek, of word die hele gebied afgebrand om die nuwe plantjies te vernietig voordat hulle sade kan produseer. In die geval van swaar besmettings kan die plante afgebrand in plaas van afgekap word, gevolg deur 'n tweede verbranding binne 2 jaar.

Uitgegee deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening en verkrygbaar van die Direktooraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur die Staatsdrukker, Pretoria